Wes-Kaapse
Regering




Kultuursake en Sport

# Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens
# Dokumentering van LewenS

Hoe mense geskiedenis maak

Toegang tot argiefrekords is gratis aan enige lid van die publiek wat die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens besoek.



**Ons openingstye**

**Maandag tot Vrydag 08:00 tot 16:00.**

**Ons beveel aan dat u vooraf met ons in verbinding tree vir inligting aangaande openingstye om sodoende u besoek te beplan.**

**Raadpleeg ons webtuiste by www.westerncape.gov.za/dcas of stuur 'n e-pos aan archives.clientservices@westerncape.gov.za**

*Dokumentering van lewens: Hoe mense geskiedenis maak, gepubliseer Januarie 2013, hersien January 2023.*

## Oorsig

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens, voorheen die Kaapse Argiefbewaarplek, is die oudste argiefdiens in ons land beskou. Die vroegste opgetekende rekords, wat terugdateer vanaf 1651, word hier bewaar.

Die hooffunksies van die argiefdiens word deur die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005) soos volg uiteengesit:

- Om rekords toeganklik te maak;
- Om rekords te bestuur;
- Om rekords te bewaar; en
- Om die gebruik van argiewe te bevorder.

## Ons doelstellings

- Om 'n provinsiale identiteit te koester deur 'n provinsiale argief-erfenis te bewaar vir gebruik deur regeringsamptenare en lede van die publiek van Suid-Afrika; en
- Om deur middel van die behoorlike bestuur van rekords 'n doeltreffende, verantwoordbare en deursigtige regering te bevorder.



*Toneel by Blaauwberg (Blouberg) Strand (E269)*

## Ons rekords

Rekords van navorsings- en geskiedkundige waarde kwalifiseer vir oorplasing na ‘n argiefbewaarplek. Die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens bewaar publieke en nie-publieke argiefrekords.

Argiefrekords word as vasgelegde inligting beskou, ongeag vorm of medium, bv.

- Gedrukte papier;
- Geskrewe manuskripte;
- Kaarte en planne;
- Fotografiese beelde; en
- Klank opnames en elektroniese data.

## Publieke rekords

Publieke rekords word deur regeringsliggame in die uitvoering van hul aktiwiteite geskep.

Verskillende aspekte van ‘n individu se lewe word deur middel van publieke rekordsvasgelê, byvoorbeeld:

- Geboortes, huwelike en sterftes;
- Insolvensies, bereddering van gestorwe boedels en hofsake, byvoorbeeld,egskeidings; ens
- Dokumente wat handel oor burgerskap en immigrasie

Die volgende aspekte word ook by publieke rekords ingesluit:

- Stadsbeplanning, die bou van skole, behuising en ander infrastruktuur,
- Gesondheidsorg, sanitasie, onderwys en ander openbare dienste.

## Nie-publieke rekords

Nie-publieke rekords behels private rekords en dokumente wat deur private individue en liggame geskep is en aan die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens geskenk is.


Gcaleka_stamlid in stamklere (AG628)


Jan de Bray, Groot Constantia, Kaapstad (E1319)


Maqoma en sy vroue (E3250)

## Ons versameling geskiedkundige rekords

Ons versameling geskiedkundige rekords dateer vanaf die eerste Nederlandse nedersetting wat 'n verversingspos en maritieme ondersteuningsdiens aan die Kaap gestig het.

Die Kaap was in koloniale besit van 1652 tot 1910. Beide die Nederlanders en Engelse het 'n rekord van hul administrasie nagelaat.

Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) rekords word as een van die mees betekenisvolle koloniale rekordversamelings beskou.

## Ons geskiedkundige fotoversamelings

Ons geskiedkundige fotoversamelings beslaan byna 80 000 negatiewe, foto's en kleurskyfies. Sommige negatiewe is oorspronklike glasplate wat uit die 19de eeu dateer.


Dit bestaan uit foto's van Kaapstad, die Kaapkolonie, die Kaapprovinsie en die Wes-Kaap, wat tot die 1850s terugdateer.

**Ons versameling geskiedkundige rekords dateer uit die eerste Nederlandse nedersetting wat 'n verversingstasie en maritieme ondersteuningsdiens aan die Kaap gevestig het.**




*Groentemarkplein, Kaapstad (E2072)*

**Ons geskiedkundige fotoversamelings bestaan uit ongeveer 80 000 negatiewe, foto's en kleurskyfies.**



*Adderleystraat, Kaapstad, soos gesien vanaf die hoek van Kasteelstraat, 1892 (E1950)*

## Kaarte, planne en sketse

Kaarte, planne en sketse dokumenteer die verskillende grondadministrasiestelsels wat tydens die koloniale tydperke aan die Kaap gebruik is, asook grense van streke, munisipaliteite en plase, en argitektoniese sketse van geboue en huise. Die argiefbewaarplek besit byna 16 000 kaarte, planne en sketse wat vanaf die 17de eeu dateer.

## Nasporing van jou familiegeskiedenis

Talle rekords in die argiefbewaarplek kan jou help om jou familiegeskiedenis na te spoor. Registers van die Departement van Binnelandse Sake waarin geboortes, sterftes en huwelike opgeteken is (1895-1972) is baie nuttig, asook boedelreekse afkomstig van die Meester van die Hooggeregshof in Kaapstad, Kimberley en Grahamstad, wat testamente en sterftekennisse insluit.

Die argiefdiens bewaar boedeldokumente wat strek vanaf 1689 tot 1996 en sterftekennisse wat strek vanaf 1834.

Argiefgroepe t.o.v. naturalisasie van voor en na 1910 is ook vir navorsing in die leeskamer beskikbaar.



*Kelder, Laborie, Paarl (E1104)*



*Sonhorlosie, Klapmuts (E474)*




*Kaart van Kaapstad, 1690 (M1/273)*

Afstammelinge van slawe kan ook die rekords van die slawe tydperk, by voorbeeld die van die Meester van die Hooggeregshof en die Slawekantoor benut.

Talle navorsers benut ons rekords om grondeise en geskille rakende tradisionele leierskap te ondersoek om bestaande geskiedskrywing en erfenis in die Kaap te hersien.

Bykomende rekords vir navorsing sluit in:

- Oorspronklike titelaktes van eiendomsplase;
- Registers van leningsplase;
- Registers van erfpagplase; en
- Munisipale en landdrosrekords.

## Ons dienste en werksaamhede

Die wet bepaal dat regeringsliggame rekords met 'n blywende waarde na 20 jaar na 'n argiefbewaarplek oorplaas. Hierdie rekords word na sortering aan die publiek beskikbaar gestel. Argiefrekords moet gesorteer, georden en behoorlik beskryf word om dit toeganklik te maak.

Hierdie prosesse ondersteun die vermoë van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens om 'n professionele diens aan die publiek te lewer. Sonder hierdie taak sal die argiewe bloot 'n menigte ongeïdentifiseerde dokumente en ander materiaal wees.

## Bestuur van regeringsrekords

Die bestuur van rekords is belangrik ten einde doeltreffende, deursigtige en verantwoordbare funksionering van alle aspekte van regering te verkry. Rekordbestuur behels die bestuur van die lewenssiklus van rekords, vanaf skepping tot die oorplasing na 'n argiefbewaarplek of deur fisiese vernietiging.

Op 'n praktiese vlak behels dit die ordening, klassifisering en bewaring van rekords. Liasseerstelsels wat ingedien word, rekordbestuursbeleidsrigtings en handleidings vir registrasieprosedures van Wes-Kaapse regeringsliggame, word deur ons Rekordbestuursafdeling goedgekeur. Dus begin die sorg van belangrike rekords lank voordat rekords met blywende waarde by die argiefbewaarplek aankom.

Hierie afdeling bevorder gesonde rekordbestuursbeginsels wat die bestuur van regeringsrekords bepaal. Opleiding word ook aan personeel van regeringsliggame verskaf om gesonde rekordbestuurspraktyke te beoefen. Hierdie afdeling is ook verantwoordelik vir die inspeksie van rekords en rekordbestuurstelsels van regeringsliggame.

## Webtoegang tot argiefrekords

As gevolg van die opgradering die National Automated Archival Information Retrieval System (NAAIRS), kan rekords deur beide die ou en nuwe databasisse opgespoor word, as volg:
http://www.nationalarchives.gov.za/node/737

Indien die ou NAAIRS databasis gebruik word:

- Kies die KAB-databasis vir rekords van regeringskantore.
- Kies die MAN-databasis vir foto's, kaarte, biblioteekmateriaal en nie-publieke rekords.

## Toegang tot argiefrekords

Toegang is gratis, indien lede van die publiek die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens wil besoek. Jy word toegelaat om argiefrekords in die leeskamer te raadpleeg. Die leeskamer is toegerus met toegang tot die rekenaar opsporingstelsel (NAAIRS), kragpunte vir skootrekenaars, en argivarisse is ook byderhand om navrae te hanteer. Rekords mag slegs in die leeskamer geraadpleeg word. Neem asseblief kennis dat daar verwag word dat jy aan die streng reëls en regulasies vir die gebruik van argiefrekords en navorsingsgedrag in die leeskamer moet voldoen.

Talle geleerdes benut die leeskamer vir akademiese doeleindes. Die reeks onderwerpe wat in die argiefbewaarplek ondersoek word, is fassinerend en insiggewend. Die volgende is voorbeelde van afgehandelde navorsing: "African Nationalism and Resistance to Apartheid in the Eastern Cape, 1960-

Hierdie bewaarplek bevat ongeveer 16 000 kaarte, planne en sketse wat dateer vanaf die 17de eeu.



*Groot Constantia na die brand van 1925 (E499)*

**Argiefrekords is uniek. Indien rekords verlore gaan, kan hulle nooit weer vervang word nie.**



*Strand-toneel, Die Strand, 1900s (R1213)*

1985”; “Land Administration in Tribal Authorities, 1913”; “The Cape Hanged (Executions in the Cape Colony), 1879-1888”; “The Langeberg Uprising, 1896-1897”; “Practices of Black Nationalism and African Independent Churches”; “Rivonia Trial, 1963-1964”; “Anti-Apartheid Politics in Transkei, 1960-1994”; “Capital Punishment in the 1800s”; “The History of the Wine Industry, 1900-2009”; “Use of Convict Labour to Construct Mountain Passes in South Africa”; “Health and Immigration to the Cape, 1875-1920”; en “The Black Consciousness Movement in King William’s Town, 1969-1977”.

Alle resultate van navorsing wat in die argief onderneem is, is in publikasies en verhandelings in ons biblioteek beskikbaar.

## Bewaring van ons geskiedkundige rekords

‘n Argiefbewaarplek kan as ‘n unieke plek beskou word. Dit is onmoontlik om rekords te vervang, indien dit verlore gaan. Die bewaring van argiefrekords is ‘n uitdagende taak. Talle faktore beïnvloed die toestand van argiefrekords. Sommige rekords is oud en in ‘n swak toestand as gevolg van gereelde hantering. Ander bestaan weer uit minderwaardige kwaliteit papier en is sensitief vir hantering. Beskadigde rekords word met spesiale herstelpapier en kleefmiddels herstel. Hierdie stadige en nougesette prosesse neem die redes vir die beskadiging van dokumente se papierverskille in ag. Kwesbare rekords word in beskermende houers geplaas om verdere beskadiging te verhoed.


Die bewaring van rekords neem ook die wyer omgewing waarin rekords bewaar word in ag. Ons streef daarna om die risiko’s verbonde aan rekords te verminder deur sodanige risiko’s te identifiseer en te verwyder.

## Gemeenskapsuitreiking

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens bevorder sy dienste en werksaamhede via ‘n uitreikingsprogram. Personeel van hierdie afdeling besoek skole, gemeenskappe, verenigings en belangstellingsgroepe om hulle oor ons dienste en werksaamhede in te lig. Tree graag met ons in verbinding, indien jy ‘n besoek van ons verteenwoordiger of ‘n toer van die Argiefgebou en sy omliggende geboue wil bespreek.



*Uitsig oor die ou hawe, Kaapstad (R1112)*



Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens
Departement van Kultuursake en Sport
E-pos: archives.clientservices@westerncape.gov.za
Tel.: +27 21 483 0400
Roelandstraat 72, Kaapstad, 8001
Privaatsak X9025, Kaapstad, 8000
**www.westerncape.gov.za/cas**

Wes-Kaapse Regering